

Sleutel terme

kapitaal
bates
laste
inkomste
uitgawes
wins
verlies
begroting
spaar
transaksie
finansiële rekords

finansies – Geldsake.

op te som – Soortgelyke transaksies wat saam gegroepeer word.

1 Inleiding

Hierdie onderwerp is 'n inleiding tot finansiële geletterdheid, 'n belangrike lewensvaardigheid wat jy hierdie jaar sal begin leer. Hierdie onderwerp sal jou aan 'n paar basiese rekeningkundige begrippe bekendstel. Jy sal in die volgende hoofstukke meer van hierdie nuwe taal van geld leer.

Sommige van die basiese rekeningkundige begrippe waarvan jy sal leer, is: kapitaal, bates, laste, inkomste en uitgawes. Jy sal ook leer van die begrippe van wins en verlies en die basiese berekening daarvan. Ander terme waaraan jy bekendgestel sal word, sluit in: begrotings, spaar, bankwese, finansiële rekords en transaksies.

Hierdie basiese rekeningkundige begrippe is belangrik, en dit sal die boublokke vir verdere studie in finansiële geletterdheid in Graad 8 en Graad 9 word.

2 Rekeningkunde

2.1 Die term “rekeningkunde”

Rekeningkunde is 'n stelsel wat inligting oor 'n sakeonderneming se finansies opteken en beskikbaar stel. Hierdie stelsel help 'n sakeonderneming om behoorlike rekords van al die finansiële aktiwiteite in die sakeonderneming te hou en om hierdie finansiële inligting **op te som**. Dit beteken die eienaar kan besluite neem oor hoe om die onderneming beter te bedryf. Dit is belangrik om die basiese beginsels van rekeningkunde te ken. Daar word soms na rekeningkunde as die “taal van geld” verwys. Rekeningkunde speel vandag 'n belangrike rol in ons samelewing.

2.2 Rekeningkundige begrippe

Jy moet die volgende belangrike rekeningkundige begrippe verstaan sodat jy die kennis en vaardighede kan ontwikkel om finansiële geletterdheid te bestudeer: kapitaal, bates, laste, inkomste, uitgawes, wins en verlies, begrotings, bankwese, spaargeld, transaksie en finansiële rekords.

Rekeningkundige begrippe

Kapitaal

Wanneer 'n eienaar 'n sakeonderneming begin, moet hy geld in die onderneming stort. Dit is gewoonlik sy persoonlike spaargeld. Hy kan ook 'n paar van sy persoonlike besittings in die onderneming stort. **Kapitaal** is die geld of ander besittings wat die eienaar in die sakeonderneming belê.

Bates

Bates is al die besittings van die sakeonderneming. Hierdie items is waardevol en het waarde wat lank hou. Bates verhoog die rykdom van 'n sakeonderneming. Voorbeelde hiervan is grond en geboue, toerusting, voertuie en geld.



FIGUUR 2.2

Die eienaar dra kapitaal by



FIGUUR 2.3 Bates van 'n sakeonderneming

Laste

'n **Las** is geld wat die sakeonderneming aan ander mense of sakeondernemings skuld. Laste word soms "skuld" genoem. Die sakeonderneming moet hierdie skuld stiptelik op die een of ander stadium in die toekoms betaal. Laste krimp of verminder die rykdom van 'n sakeonderneming. Voorbeelde van laste is om 'n lening by 'n bank aan te gaan of om goedere op rekening te koop.



FIGUUR 2.4

Verkope is 'n Inkomste vir 'n sakeonderneming



FIGUUR 2.5

Sake-uitgawes

rente-inkomste – Geld ontvang vir geld wat in die bank gespaar of belê is.

Inkomste

Inkomste is al die geld wat die sakeonderneming verdien. 'n Handels- en vervaardigingsonderneming se hoofinkomste-bron sal uit verkope bestaan, terwyl 'n diensonderneming se hoofinkomste uit 'n fooi vir dienste gelewer, sal bestaan. Ander soorte inkomste sluit in: **rente-inkomste**, afslag en huurinkomste.

Uitgawes

Uitgawes is geld wat die sakeonderneming bestee om dit te kan bedryf. Uitgawes kan betaling vir dienste wees wat aan die sakeonderneming gebied word, of die aankoop van items wat deur die sakeonderneming gebruik sal word; met ander woorde, items sonder blywende waarde. Voorbeelde van uitgawes is telefoonrekeninge, water en elektrisiteit, salarisse en lone, reklame, herstelwerk en skryfbehoeftes.

Aktiwiteit 1 Collage van rekeningkundige begrippe

Skep 'n collage in jou werkboek of op papier deur prente uit tydskrifte of koerante of jou eie tekeninge te gebruik om verskillende soorte bates, laste, inkomste en uitgawes te illustreer. Jou prente moet byskrifte hê om hierdie verskillende begrippe te beskryf.


Wins en verlies

Wins is die verskil tussen inkomste en uitgawes wanneer inkomste meer as uitgawes is. Alle sakeondernemings wil graag 'n wins maak. **Verlies** is die verskil tussen inkomste en uitgawes wanneer uitgawes meer as inkomste is. 'n Sakeonderneming moet sy uitgawes beperk om te voorkom dat hy 'n verlies ly.



FIGUUR 2.6

'n Wins word gemaak wanneer inkomste uitgawes oorskry




FIGUUR 2.7

'n Verlies word gemaak wanneer uitgawes inkomste oorskry

Begrotings

'n **Begroting** is 'n plan oor hoe om toekomstige inkomste te bestee. Dit is 'n geskrewe dokument wat die beplande inkomste en **geskatte** uitgawes van 'n persoon of sakeonderneming vir 'n spesifieke tydperk in die toekoms aandui, byvoorbeeld 'n maand of 'n jaar. Individue asook sakeondernemings behoort begrotings op te stel ten einde geld verstandig te bestee en te bespaar waar hulle kan.



Dagis Ruitersdott Begroting vir June 2020	
Inkomste (verkoop)	R10 000
Minus: uitgawes	R4 600
Skryfbehoeftes	R400
Huur	R3000
Voorraad	R3500
Mediese uitgawes	R1000
Brandstof	R1200
Water en elektrisiteit	R1800
Vermaak	R500
Spaar	R1000
= Surplus	R4000

geskatte – Beraamde berekening.

FIGUUR 2.8

Voorbeeld van 'n begroting

Bankwese

'n Bank is 'n finansiële **instelling** wat individue en sakeondernemings kan gebruik om hulle geld veilig te bewaar. Jy sal 'n bankrekening moet oopmaak om die dienste te gebruik wat banke aanbied.


'n Bankrekening kan gebruik word om geld te deponeer en onttrek wanneer nodig. Jy sal rente op 'n **gunstige** banksaldo verdien, maar jy sal rente op geld moet betaal wat jy by die bank geleen het. Banke leen geld uit aan mense en sakeondernemings.



instelling – 'n Organisasie.

gunstige – Om geld in jou bankrekening te hê.

FIGUUR 2.9 'n Bank bied sy kliente verskeie dienste



FIGUUR 2.10

Hierdie is die embleme van die grootste banke in Suid-Afrika.

Spaargeld

Spaar is die handeling om geld opsy te sit vir toekomstige gebruik. Jy kan slegs spaar as jy nie al jou inkomste bestee wat jy verdien het nie. Geld kan in 'n bank of by enige ander finansiële instelling gespaar word wat spaargeriewe aanbied. Deur minder aan sekere uitgawes te bestee of te probeer om onnodige uitgawes uit te sny, soos om minder water en elektrisiteit te gebruik, kan ook as 'n vorm van spaar beskou word.

Transaksie

'n **Transaksie** is 'n finansiële handeling of gebeurtenis wat in 'n sakeonderneming plaasvind. Wanneer twee partye aan 'n transaksie deelneem, doen hulle sake deur geld of iets waardevols te ruil. Byvoorbeeld:

- Die sakeonderneming verkoop goedere vir kontant aan 'n klant:
 - Twee partye: sakeonderneming en klant
 - Sakeonderneming verruil goedere vir kontant.
 - Klant verruil kontant vir goedere.
- Die sakeonderneming koop goedere vir kontant by 'n verskaffer:
 - Twee partye: Sakeonderneming en verskaffer
 - Sakeonderneming verruil kontant vir goedere.
 - Verskaffer verruil goedere vir kontant.




FIGUUR 2.11 Transaksie tussen twee partye

Finansiële rekords

Alle sakeondernemings moet daaglik finansiële transaksies in die rekeningkundige stelsel van die sakeonderneming opteken. Dit word die byhou van **finansiële rekords** genoem. Elke finansiële transaksie moet op 'n ordelike en **sistematiese** wyse opgeteken word. Dit word boekhouding genoem. Bedrae, datums en bronne van elke transaksie word om die volgende redes korrek in 'n rekeningkundige stelsel opgeteken en opgesom:

- om te verseker dat die sakeonderneming daaglik doeltreffend bedryf word
- om te bereken of die sakeonderneming 'n wins gemaak of 'n verlies gely het
- om vir die toekoms te beplan
- om te bepaal hoeveel geld aan ander partye geskuld word.

sistematies – Om 'n spesifieke stelsel of metode te gebruik.



FIGUUR 2.12

Hou rekeningkundige rekords

Aktiwiteit 2 Besoek 'n sakeonderneming

Julle moet in pare enige sakeonderneming in julle gemeenskap besoek en inligting oor die volgende insamel:

- voorbeelde van verskillende soorte transaksies wat daaglik in die sakeonderneming plaasvind
- hoe hulle hul finansiële transaksies opteken – watter soort rekeningkundige stelsel hulle gebruik.

Gee terugvoering aan die klas in die vorm van 'n kort mondelinge voorlegging.